

Haai, wil julle my navors?

EUGENE GUNNING
George

Navorsers op 'n boot naby Robbe-eiland in Mosselbaai het die verrassing van 'n leeftyd gekry toe 'n widdoodshaai van 500 kg en 3 m lank in hul boot beland het.

Die voorval het Maandag omstreeks 07:30 plaasgevind terwyl sewe navorsers op die boot Cheetah besig was met navorsing oor haaië en ander visse.

In daardie stadium was hulle al langer as 'n uur op die boot en dinge het redelik rustig verloop.

Die volgende oomblik het die haai uit die water gespring en met die helfte van sy lyf in die boot beland.

Volgens een van die navorsers, me. Dorien Schroder, het sy net skielik 'n plons gehoor. Dit is toe dat sy die haai in die boot bo-op een van die bemanningslede gesien het.

Sy het die bemanningslid dadelik na veiligheid weggeruk.

In plaas daarvan dat die paniekbevange haai probeer het om in die water te kom, het hy hom verder tot in die boot gewikkel. Van die toerusting op die boot, waaronder 'n brandstoftoevoerspyp, is beskadig.

Schroder het hulp per radio ontbied en mnre. Enrico Gennari en Ryan Johnson, albei haaikeners, het hulle met 'n ander boot, die Lamindae, na die toneel gegaas.

Hulle het die Lamindae tot naby die Cheetah gestuur en 'n tou om die haai se stert vasgemaak en dit van die Cheetah probeer afsleep. Hul pogings was onsuksesvol.

Hulle het die Cheetah toe, met die haai nog op hom, na die hawe gesleep. Van die bemanning het



Die widdoodshaai eergisteroggend op die boot, die Cheetah, naby Robbe-eiland in Mosselbaai.

Foto: VERSKAF

by die haai op die Cheetah gebly en hom met water aan die lewe gehou.

In die hawe is die Cheetah langs 'n ander boot, die Smit Lombok, vasgemeer. Die haai is toe met 'n groot haak van die boot getrek. Die tou is losgesny en dit het onderdeur die boot geswem.

Die haai is egter later by 'n klein strandjie in die hawe opge-

merk. Hy is weer te hulp gesnel en met toue die see ingetrek. Die toue is na 'n entjie losgesny en die haai het koers gekies - die see in.

Schroder het gistermiddag aan *Die Burger* gesê dit was aan die begin angswekkend.

"Die haai was paniekerig, maar niemand was in lewensgevaar nie. Ek wil egter nie weer in so 'n situasie wees nie."

Gennari het gesê die gevaar was nie dat die haai iemand sou byt nie. "Die haai kon wel iemand met sy stert raakgeslaan het."

Hy het gesê in die 20 jaar wat hy by haainavorsing betrokke is, is dit die eerste keer dat hy so iets beleef het.

Volgens hom is dit nie normale gedrag van haale nie, maar dit gebeur.

Daar kan verskeie redes vir die haai se gedrag wees. Hy kon gedink het dat die skaduwee van die boot 'n rob is en hy wou dit dalk vang.

'n Ander moontlikheid is dat daar 'n ander haai onder hom was. 'n Haai se pens is 'n baie sensitiwe deel van sy liggaam en hy kon dalk van die ander haai onder hom probeer wegkom het.